***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/24)***

**(Volg my op X justchad_cga)**

*Justin Chadwick 16 Augustus 2024*

***"I can't be the face of athletics because I'm not an arrogant or loud person like Noah" Botswana 200m Gold Medal athlete Letsile Tebogo***

## ERIC NOHAMBA

Dit was met groot hartseer dat ons die afgelope week van die heengaan van Eric Nohamba verneem het. Eric was 'n ware leier in die sitrusbedryf wat vanaf 2017 tot 2022 op die CGA-raad gedien het, en hy het ook op die RBX-raad en in die uitvoerende bestuur van die *Grower Development Chamber* gedien. Eric het altyd sy kiesafdeling met passie verteenwoordig, het indrukwekkende uitbreidingsplanne gehad, en was altyd beskikbaar om die bedryf te verteenwoordig. Hy het 'n aansteeklike sin vir humor gehad, en was ferm, maar regverdig. Eric sal baie gemis word en ons gedagtes is by sy familie.

## *WOZA CITRUS ACADEMY*

Jacomien de Klerk en Sam Louw sal gedurende September op die pad wees en alle sitrusproduksiestreke besoek om oor die jongste nuus en ontwikkelings in sitrus-opleiding en -opvoeding te gesels, en sal ook uitvind wat die Sitrus Akademie kan doen om produsente in 'n selfs groter mate van hulp te wees.

Jacomien sal in Patensie (3 Sept), Sondagsriviervallei (4 Sept), Fort Beaufort (5 Sept), Nelspruit (9 Sept), Groblersdal (10 Sept), Brits (11 Sept), en Kakamas (12 Sept) wees. Sam sal in Citrusdal (3 Sept), Paarl (4 Sept), Robertson (5 Sept), Hoedspruit (10 Sept), Letsitele (11 Sept), en KZN (13 Sept) wees.

Registreer op https://citrusacademy.org.za/woza-citrus-academy/

## *AGRO ENERGY FUND* EN *AVO SOLAR*

Die *Agro Energy Fund* is 'n gemengde finansieringskema wat gestig is om agri-besighede te help om alternatiewe energiebates te bekom om hul algehele energiekoste en koolstofvoetspoor te verminder. Dit fokus op alle energie-intensiewe aktiwiteite, insluitend besproeiing en op-die-plaas verkoelingsfasiliteite. Dit is oop vir beide primêre en sekondêre agri-besighede. Tot dusver is 'n klein bedrag van die oorspronklike R1,2 miljard-program benut, en indien daar 'n aptyt is, kan die fonds die uitbreiding van die program tot R2,5 miljard regverdig. Die verhouding tussen toelae en lening is soos volg:

| Groot- en Mega-skaal | Medium-skaal | Klein-skaal |
|---|---|---|
| 30%-toelae-befondsing moet met 'n 70%-leningsgedeelte gekoppel word, toelae beperk tot 'n maksimum van R1.5 miljoen. | 50%-toelae moet met 'n 50%-leningsgedeelte gekoppel word, toelae beperk tot 'n maksimum van R1 miljoen. | 70%-toelae-gedeelte moet met 'n 30%-lening gekoppel word, toelae-befondsing beperk tot 'n maksimum van R500k. |

Vir meer inligting oor hierdie inisiatief, die Land Bank, asook *AVO Solar*, kontak albert@cga.co.za

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo Fokusgroep het 100 000 kartonne opwaarts by hul voorspelling aangepas.

| Einde van Week 32 Miljoen 15kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 16.3 m | 13.1 m | 13.6 m | 12.5 m | 12.7 m | 16.8 m | **15 m** | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 27.8 m | 32.6 m | 33.8 m | 27.8 m | 26.6 m | 43.0 m | 42 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 34.6 m | 34.9 m | 32.4 m | 33.4 m | 29.7 m | 37.9 m | 33.9 m | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 26 m | 23.7 m | 21.2 m | 20.4 m | 17.1 m | 25.7 m | 21.5 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 26.5 m | 27.6 m | 22.7 m | 19.4 m | 15.1 m | 58.3 m | 50 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **131.2 m** | **131.9 m** | **123.7 m** | **113.5 m** | **101.2 m** | **181.7m** | **162.4 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***